

foto TREVOR BARRETT
stilerling IRMA LOUW



DOOPROKKIE

Eksklusiewe ontwerp deur Retha Giliomee vir Passap-breimasjiene.

BENODIGDHEDE: Ongeveer 250-300 g Pingouin Nr. 8; klein hoeveelheid glansende wit garing vir versiering.

MATE: Om borsmaat van 51-52 cm te pas (baba van 2-4 maande oud).

AFKORTINGS: st(e) - steek (steke); rif -

riffelboord; N(e) - naald (naalde); vermeer - vermeerder; vermin - verminder.

SPANNING: Patroon nr. 1: $S\frac{3}{5\frac{1}{2}}$; toetslappie: 50 ste = 22 cm; 50 rye = 7 cm. Patroon nr. 2: $S4\frac{1}{2}$.

ROMP: Stel 180 ste op vir 1:1-rif. Brei ongeveer 8 rye skulppatroon. R/t-000. Stel in vir patroon nr. 1 en brei soos uiteengesit op diagram tot R/t-390. Slaan oor na $\frac{N}{N}$ en

brei 10 rye. Brei af op resgaring.

AGTERPANT VAN LYFIE: Stel 62 ste op vir oop buisbreiwerk (met resgaring). Slaan oor na Pingouin Nr. 8 en brei 'n paar rye buisbreiwerk (ongeveer 10 rye).

Stel in vir patroon nr. 2 en brei soos uiteengesit op diagram.

Vorm mousgate en skouers: Volg aanwysings op diagram en plaas die steke wat
NA BLADSY 158

DOOPROKKIE

VAN BLADSY 132





vir skouer verminder word, telkens op agterste naaldbed in GX-posisie. Wanneer vermin voltooi is, word al die steke gelyktydig met resgaring afgebrei.

VOORPANT VAN LYFIE: Soos agterpant tot by halsvorming. Raadpleeg dan diagram en heg met resgaring af.

MOUE: Stel 52 ste op en stel Ne vir 1:1-rif; brei 'n skulprandjie, 2 rye glansgaring, 6 rye Pingouin Nr. 8; stel naalde dan vir patroon nr 2. en brei soos op diagram uiteengesit.

AFWERKING: Stoom liggies. Werk romp aan bostuk vas. Heg steke rondom halsrand en moukop met 'n hekelpen af. Maas skouernate toe. Werk moue aan bostuk vas. Gebruik glansgaring vir begin van skulprand aan halsstrook en stel 75 ste K/K op; brei 2 rye met glansgaring en 6 rye met Pingouin Nr. 8 vir hierdie skulprand. Brei dan 'n paar rye buisbriewerk en brei af op resgaring. Werk netjies aan halsrand vas.

Brei 'n lang stuk buisbriewerk met glansgaring vir koordjies deur mouboordjies en om 'n lang sierstrik te bind om aan voorpant vas te heg, wat dan met naald en garing vasgework word. Ryg koordjies deur briewerk by mouboordjies, trek dit effens oop om koordjie deur te steek. ●



Patroon vir romp



2. Patroon vir bostuk en moue



Raadpleeg Passap Duomatic-patroonboek, bladsy 42.

BEKUNIS HERB TEA/KRUIETEE : Reg. No. E/11.5/1913 : Fruct Sennae 60 g Fol. Sennae Prep. 20 g (Prep. = Fol. Sennae 100 g; Ext. Anserinae Aquos. (1,3;10) 30 g) per 80 gram.

HARDLY WIGHEID IS ONGESOND. LAAT DIE NATUUR JOU HELP.

Bekunis is 'n ligte lakseermiddel, van kruieoorsprong.

Bekunis werk sagkens, sonder om krampe te veroorsaak of die maag om te krap.

Nogtans is dit uiters doeltreffend.

Dit is te kry in kruietee, kitste of tabletvorm.



BEKUNIS
DIE LIGTE
LAKSEERMIDDEL
By jou apteek.